N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 22

29 Mei 2022

Die Bekeringskrag van Liefde

Nog nooit in die geskiedenis van ons geslag was daar so 'n groot dringendheid om die reddingsboodskap van Jesus te verkondig nie. Die mensdom smag na redding en as gelowiges het ons die enigste ware antwoord wat soekende siele kan lei om vrede aan die voete van Jesus – die enigste Weg, die Waarheid en die Lewe - te vind.

Ons liefde vir mekaar moet duidelik praat

Nie net is ons geroep om die waarhede van die Evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld te verkondig nie, maar om die bekeringskrag van die Evangelie uit te leef deur ons liefde vir mekaar. Jesus het gesê: "Hierdie liefde van julle moet as't ware hard en duidelik. 'praat'. Mense moet daarna kyk en sê: 'Kyk net, daar is volgelinge van Jesus' (Joh 13:35).

Volg Paulus se voorbeeld

In sy briewe aan die gemeente in Korinte, roer Paulus die liefdeloosheid van die gelowiges teenoor mekaar aan. Te midde van sterk teenkanting en dwaallering vra Paulus dat die gemeente sy voorbeeld sal volg en deur hulle liefde vir mekaar die bekeringskrag van die Evangelie uitleef.

Paulus bemoedig hulle onder andere in drie hoofareas:

1. Liefde vereis 'n oop hart

Paulus sê: "…Ons harte is vir julle wyd oop" (2 Kor 6:11) en "Doen aan ons wat ons aan julle gedoen het: maak julle harte ook wyd oop!"

Liefde deel graag die waarheid van Jesus

Die Evangelie het Paulus se liefde vir hulle aangevuur. Dit is ook Paulus se liefde wat vir gelowiges, asook ongelowiges die grootste getuienis was dat hy gered is. Paulus het van 'n vervolger van die kerk in 'n apostel, broer en medegelowige in Christus verander.

Liefde kweek vreugde

Paulus skryf in 2 Kor 7 dat sy vorige brief die gemeente diep ontstel het, maar hy is verheug, want dit het tot hulle bekering gelei. Sy liefde vir hulle het gelei tot vermaning; vermaning het gelei tot ontsteltenis en in hulle droefheid het hulle na God toe teruggekeer. Hy is verheug oor hulle reaksie en sê dat hulle bekering sy hart met vreugde gevul het. …"Ek is baie trots op julle. In al ons sorge is ek vol moed en oorstelp van blydskap…"

Laat ons liefde getuig

Die Woord sê: "God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God in hom" (1 Joh 4:16) Mag ons in die lig van God se liefde vir ons onderneem om ons harte oop te maak en ander lief te hê. Mag ons liefde getuig van die bekeringskrag van die Kruis. – Kobus Roodt

Dankie!

- **Vir die uitstorting van die Heilige Gees!**
- **In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, ons as die eiendom van God beseël!**
- **Vir die opstandingskrag van die Heilige Gees ook in ons lewens!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotzé – vir volkome herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir die nabyheid van die Here en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – tuis. Vir spoedige en algehele herstel.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Lettie Koekemoer – vir die nabyheid van die Here.
- Christa de Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Gerhard Louw – vir volle genesing.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.

.

Gedagte vir die week:

…,maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. Rom 8:5

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org